

Die drie kontraste in Smirna

Teks: Openbaring 2: 8 -11

Teksvers: Openbaring 2: 9 -11

1. Inleiding

In ons reeks oor die sewe briewe aan die kerk in openbaring fokus ons vanoggend op Smirna. En op 'n manier voel Smirna vir ons bekend. Sien die dae van glanswêreld van die geloof is besig om tot 'n einde te kom. Voorspoed in die alledaagse onder die gemeenskap van gelowiges, raak 'n rare gesig. Ons hoef maar net mekaar voor en na hierdie diens te gesels om dit weereens te besef. Natuurlik ook hier binne die kerk van die Here, is daar maar ook die bekommernisse oor die materiële middele wat stelselmatig wegwyn.

En op 'n manier verbind dit ons met 'n sterk ooreenkoms aan die gemeente Smirna vanoggend. Smirna was die vooruitstrewende kerk wat geleë was, min of meer waar die huidige Ismir in Turkye vandag is. Dit is dan veral opvallend hoe groot konsentrasie Jode hier gewoon het. En 'n mens sou vergewe kon word om te dink dat hierdie groot Joodse teenwoordig gunstig vir die Christelike kerk in Smirna sou wees. Tog was die teendeel juis waar, daarom natuurlik die skerp uitdrukking Satansinagoge in vers 9.

Want sien hierdie Jode het vir eie voordeel die Christene beskinder en verraai by die Romeinse owerhede. Sodoende het hulle 'n aktiewe rol gespeel in die vervolging, van Christene wat nie die stadsgode of romeinse owerheid as hulle god wou aanbid nie. Vandag word daar ook dikwels uit 'n wêreldse oord negatief gekyk na die kerk. Die kerk wat nie houtgerus voor moderne afgode en ideologie buig nie. Die kerk wat steeds aan sy enigste hoof en verlosser, ons Here Jesus Christus alleen vashou. Kom ons luister na die boodskap aan die gemeente van Smirna in die unieke kontrasstyl van openbaring.

2. Arm en ryk tegelyk

In vers 9, ons eerste teksvers, sien 'n mens maklik die kontras. Die Here sê aan die gemeente in Smirna dat hulle tegelyk arm en ryk is. Kom ons ondersoek verder wat presies hier bedoel word. Natuurlik is daar uitsonderings op die reël maar meeste mense se materiële welvaart word bepaal deur hulle salaris aan die einde van die maand. En ons weet dat 'n hoë salaris gewoonlik aan 'n goeie betrekking of dan hoë pos gekoppel is.

Dit is dan presies waar die probleme vir die mense in Smirna begin. Omdat die Romeinse owerheid in beheer is, word hulle uitgesluit wanneer hulle sekere romeinse praktyke nie onderhou nie. En dan nog selfs by die groot joodse ekonomiese sektor in die stad is hulle ook nie welkom nie. Want hierdie jode het hulle navolging van Christus verafsku, en aktief teengestaan. Derhalwe was goeie betrekkinge nie iets waarvoor die Christelike gelowige in Smirna gekwalifiseer het nie. En uiteraard as gevolg hiervan was die Christelike gemeenskap in Smirna materieel baie arm.

Maar wat dan van die rykdom wat hulle besit volgens vers 9. Hier kom die saak wat deur die jare al so dikwels koue water op baie mense se geloofsywer is. Om 'n ware navolger van Christus te wees beteken nie, dat iemand outomaties materieel ryk is nie. Die afwesigheid van materiële rykdom, beteken ook nie dat iemand meer sondig of kleingelowig is nie. Inteendeel die Bybel is baie meer negatief oor materiele rykdom en die geloof as wat hy positief daaroor is. Kyk maar net na Jesus Christus so omgang en uitsprake in die evangelies om dit te bevestig.

Om werklik te verstaan wat hier bedoel word, kan ons dit soos volg vergelyk. Ons ken vandag die idee van verskillende

geldeenhede en die ekonomie waarin hulle werk. Byvoorbeeld as ek 'n miljoen rand tot my beskikking in Suid Afrika sou hê, sou ek gemaklik iets soos 'n huis of voertuig daarmee kon koop. Ek sou ook as iemand wat materieel ryk is, beskou word. Maar as ek skielik daardie geld na Amerika sou neem, sal ek sien dat dit maar net \$ 66 340 is. En dat dit eintlik nie veel kan koop nie. Ek sou dalk selfs nie as iemand materieel ryk beskou word nie.

Dit is die boodskap aan Smirna in die ekonomie van materiële besittings, is hulle baie armoedig. Maar tegelek is hulle in die ekonomie van die hemel en geloofsake baie ryk. Eintlik is dit die ou boodskap van die Christus in Mattues 6:19 - 21, wat hierdie mense navolgevolg het. Christus sê mos daar: ¹⁹“MOENIE vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; ²⁰maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; ²¹want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

3. Verdrukking en oorwinning tegelyk

Geestelike verdrukking is nooit aangenaam vir die kerk nie. En ons weet dat tot vandag toe nog het ons broers en susters in ander dele van die wêreld wat ly onder verdrukking. Vir die Christen gelowige in Smirna het hierdie vervolging dikwels in tronkstraf ge-eindig. En net soos vandag is die tronk nie die plek waar 'n mens wil wees nie.

Wat dinge erger maak, is die uitspraak in vers 10 dat hierdie tronkstraf en vervolging erger gaan word. Die duiwel gaan gelowiges in die tronk gooi. Maar dan ook hierin is die Christene oorwinnaars. Weereens is dit 'n vreemde konsep vir die wêreld om te verstaan. Want die kontras hierin maak net nie sin nie. Want wanneer iemand tot tronkstraf gevonniss word, het hy mos geensins gewen nie. Hy het die saak verloor en moet nou die vonnis dra. Eerste preek

Dieselfde is waar wanner ons na die kroon van die lewe kyk. In Smirna was 'n bekende sportsentrum en daarom was die eerste lesers goed vertrou met 'n kroon as teken van oorwinning in die atletiek of millitere situasie. Maar niemand ontvang 'n kroon wanneer Hy tronk toe gaan en vervolgd word nie. Behalwe natuurlik een. In Johannes 19:2 lees ons oor Jesus: ²“Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek”. Ons weet die soldate doen dit om met ons Here Jesus Christus te spot. Hulle het Hom uiteindelik gekruisig, sonder om te besef dat Sy sterwe, juis verlossing uit die dood gebring het.

Daarom selfs in tye van vervolging en swaarkry weet ons dat die doringkroon nie vir ons wag nie. Wat vir ons wag is die kroon van die lewe anderkant die dood. Hierdie lewenskroon is pasgemaak en voorberei net vir ons as uitverkorenes van die Here. Daarom dikwels in die verlede wanneer die wêreld fees gevier het oor die gestorte bloed van Christen martelaars, was hulle eintlik besig om juis die saad van die kerk te saai.

4. Dood en lewe tegelyk

Die dood is die een ding waarmee jy meeste mense kan bang maak. Want genadiglik in die algemene genade is daar 'n geneigheid om lewe te beskerm. Veral as daardie lewe ook jou en of geliefdes sin is. Ongelukkig is dit ook so dat die wêreld onder die beheer van die Satan nie respek het vir die lewe van 'n Christen gelowige nie. Kyk maar net wat gebeur met Christen gelowiges in geslote lande. Tog moet ook dit nie vir ons 'n verrassing wees nie. Want ons weet hoe Christus hanteer is hier op aarde, terwyl Hy in Johannes 15:20 sê: ²⁰“Onthou wat Ek vir julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolgd het, sal hulle julle ook vervolgd.

Tog is die aardse sterwe uiteindelik al wat die vervolging van die satan en sy aanhangers aan die gelowige kan doen. Net soos wat die tydperk van verdrukking ingekort word vir die gemeente van Smirna, net so sal die omvang van die verdrukking ook ingekort word.

Uiteindelik is die sterwe vir die gelowige net die deurgang om vir ewig by die Vader in die hemel te wees. Daar waar die tweede en finale dood ons nooit in die hande sal kry nie.

Jesus deel die waarheid om hierdie saak mee in Sy uitspraak in Mattues 10:28: “²⁸En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.” Ons eintlike vrees moet wees by Hom wat ook die tweede dood in Sy toorn oor ons kan bring. In die lig hiervan is dit duidelik hoe kortsigtig die oprede van die teenstanders van Smirna is.

Maar dit is ook wat vir ons hoop gee vandag. Wat selfs al is ons besig om op die swaarste moontlik manier te sterf, lewe ons tog vir ewig, veilig in die hande van die Here. Dit is uiteindelik maar net hierdie eerste dood hier op aarde wat ons tegemoet moet gaan. Die tweede dood sal geen skade oor ons kan bring nie.

5. Slot

Ons kan afsluit deur saam te vat dat ons hier in die tweede brief in openbaring, kennis maak met 'n swak sukkelende gemeente. 'n Gemeente wat swaar gebukend gaan onder vervolging. En natuur is vervolging en veral verraad, dikwels baie moeiliker as dit juis vannuit jou eie volk kom. Van die mense wat eintlik mos veronderstel is om jou mense te wees. En dit sien ons duidelik in die teksgedeelte. Die is mede-jode wat vir die Christen gelowiges die wêreld moeilik maak.

En op 'n manier ken ons ook hierdie plek vandag. Want in ons uiters kompeterende samelewing sal mens nie huiwer om enigeiets te gebruik om jou te na te kom en hulleself te bevoordeel nie. Hierdie enigeiets sluit natuurlik 'n mens se Godsdiens ook in. Ons belydenis in die waarheid wat God in die Bybel aan ons openbaar, kan maklik negatief teen ons gebruik word. Veral in 'n wêreld wat oorwegend sekuler is vandag.

Maar selfs wanneer dit gebeur moet ons nie moet verloor nie. Want die magte van die duiwel en Sy satesnsinagoge is ingeperk. En in die lig van onglangse tye ken ons inperkings. Maar ons sien duidelik in ons teksgedeelte, dat die Satan se mag eerstens temporeel ingeperk is. Slegs 10 se vervolging en gevangenisstraf word toegelaat. En onmiddelik weet ons weer dat die 10 dae nie letterlik is nie, maar simbolies verstaan moet

word in ons teksgedeelte vandag. Maar dan word die Satan se mag ook ruimtelik ingeperk. Daar is grense aan die skade wat hy kan aanrig. Hy het nie mag oor die tweede dood nie. want hierdie tweede dood is ook juis vir hom bestem.

Ons kan vandag saam met die gemeente van Smirna vertroos word. Die eerste en die laaste maak aan ons hierdie beloftes. Maar belangriker nog, die een wat dood was maar weer lewend geword het, belooft ons. Met ander woorde die enigste een wat werklik nog aan die ander kant was, Ons Here Jesus Christus. Daarom kan ons vandag ryk wees, selfs al is ons arm, ons kan oorwin selfs al ervaar ons verdrukking. Laastens weet ons dat ons ook lewend is en bly, selfs al sterf ons.

Amen